***Uit die hoof se kantoor:***

***8 Desember 2025***

Geagte Ouer / Voog en gemeenskap

Dankie is so klein woordjie, maar dra soveel krag. Dankie aan elkeen wat ons skool gedien, gedra en in gebed gehou het.

Sonder u ondersteuning en u ondersteuning aan u kind sou dit nie vir ons moontlik gewees het om `n jaar te kon voltooi nie. Ons waardeer elkeen wat ons hart sien en saam werk om Concordia `n skool te maak, en te hou, waar ons net ons beste mag doen, want dit is goed genoeg.

Ons het beslis deur stormwaters gegaan die jaar en soos met Jona moes ons vertrou al was ons soms oorboord gegooi. Ons het sodoende nader gegroei aan die wat besef alleen kan personeel nie en saam met u en ons beheerliggaam, sal ons die verskil en aanpassings kan maak.

Ons wens vir elkeen is Die Lig wat vir ons skyn. Mag u die Desember, tuis of weg, Jesus se seën en Sy voorspoed ervaar. Mag ons die Christusfees weereens besef, gee en dankie is waaroor alles gaan.

Daarmee sê ek as hoof DANKIE! U is saam met ons die bouers van elke leerder se fondasie en saam kan ons met hande inmekaar elke leerder bo hou en dankie sê vir hul beste gegee.

Geluk aan elke leerder met pretasie binne of buite skoolverband, geluk met pragtige rapporte en mag jy weet jy is `n wenner met of sonder sertifikate!

Ek bid Jesus vrede oor ons gemeenskap. Mag ons bewaar word en op die bestemde tyd weer terug wees by Laerskool Concordia. Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy, Sy enig gebore vir ons gestuur het!

C Blignaut
Hoof